SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 27-021-9762497
E-mail : paul@koebergrekenaars.co.za

AANDAG :

SAJTU Bestuur, Streek Besture, Klubs, Afrigters, Skeidsregters

Die seisoen vir 2017 is aan die gang en ons wens al die trekkers, afrigters en skeidsregters alle voorspoed toe en mag dit weer ‘n baie mooi Toutrekjaar wees.

Baie welkom aan die nuwe klubs wat vanjaar gegin het. Mag julle gou deel voel van hierdie familie. Moet asb nie huiwer om navraag te doen as u duidelikheid wil hê oor enige aspek nie. (geld sekerlik ook vir die “ou” klubs)

Ek weet vir die meeste van u is die onderstaande ou nuus, want dit is maar net 'n herhaling van die vorige jare se skrywe met hier en daar 'n aanpassing, maar dan is daar ook nuwe klubs en afrigters en kom ons maak maar net weer seker van alles om misverstande uit die weg te ruim

Ek wil graag met hierdie omsend ‘'n klompie inligting verskaf m.b.t. veral die SA kampioenskappe.

SA JUNIOR KAMPIOENSKAPPE ;

23-25 Maart 2017 te Helderberg - Strand

Organiseerders sal u voorsien van inligting t.o.v. verblyf, etes en ander

Inweeg sal op die Donderdag 23 Maart plaasvind en die Kampioenskappe op Vrydag en Saterdag.

1 Gewigsafdelings en Ouderdomme :

1.1 230kg met ouderdomsperk 10 (die trekker moet vanjaar 10 word)
1.2 Alle ander kaalvoet gewigte is O/13
1.3 Die volgende gewig afdelings vir die meisies: 440, 480 en 520 (O/19)
(Meisies mag nog steeds in die” gewone” afdelings trek)
1.4 400 kg stewels met ouderdomsperk O/15
1.5 Alle ander stewels is O/19 (Trekker moet vanjaar 19 word en n leerder wees.)
1.6 Geen suiwer dogter spanne in 560 en 600 nie
1.7 520 Gemeng – Bestaande uit 4 seuns en 4 meisies

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 27-021-9762497
E-mail : paul@koebergrekenaars.co.za

2 Trekorde vir SA Kamopioenskappe

Geld vir SA's wat oor twee dae strek. Word aan streke en Ligakompetisies oorgelaat om eie orde te bepaal na gelang van omstandighede

Kaalvoet - Eerste dag;	280kg	>	360kg	>	230kg
Kaalvoet - Tweede dag;	400kg	>	320kg		
Stewels - Eerste dag;	480kg/520kg(D)	>	400kg/600kg	>	520 Gemeng
Stewels - Tweede dag;	520kg/440kg(D)	>	440kg	>	560kg/480kg(D)

3. Verifikasie van ouderdomme

Die gewone ID kaartjie soos in die verlede met trekker se foto , naam en geboortedatum , met skool of kommissaris van ede stempel, moet ten alle tye beskikbaar wees by skaal en op veld.
Elke klub sal ook n alfabetiese lys hê van trekkers waarop hulle name, geboortedatum en ouderdom en gewig sal verskyn. Hierdie lys word by enkel weeg gebruik en skaalbeampte sal die skaalgewig ook invul. Hierdie lyste word gebruik wanneer plaasvervangers gevra word.

5. Aanpassing van reëls :

- **Slegs skoolgaande trekkers mag deelneem – O/19**
  (Eenvoudig gestel- trekkers wat reeds oor 'n matrieksertifikaat beskik word nie toegelaat)
- **'n Trekker van 'n span wat reeds uitgeskakel is mag gebruik word as reserwe in finaal. (Span C is uitgeskakel en mag as reserwe dien vir die A span wat in die finaal is)**

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 27-021-9762497
E-mail : paul@koebergrekenaars.co.za

6. Aanmelding en Inweeg :

Inweeg: vanaf Donderdag 10:00 tot 16.00

Wanneer u Donderdag kom weeg, moet u eers aanmeld by registrasie om u skool/klub aan te meld, betalings te maak en ander admin sake, indien enige.
U ontvang hier 'n nommer wat sal bepaal wanneer dit u beurt is om te kom weeg.
Indien u egter nie inweeg nie sal u weer 'n **nuwe nommer** ontvang.

Inskrywingsgeld R15 per span.

Geen span sal inweeg sonder ID-Kaarte en inweegvorm nie. Trekkers geklee in broekie waarin hul trek.

(**Onthou tog:** trekker kan nie SA's en Plaat trek nie- (stewels sowel as kaalvoete).

Foto's van spanne word geneem vir kontrole op veld.

Asseblief: Wanneer u by die skaal kom, moet u span reeds ***gereed wees*** en vorm voltooi.
Moenie kom span bou by die skaal nie !!

Volledige inligting oor die lokaal en ligging sal binnekort voorsien word

7 Onthaal:
Ons besef dat dit maar moeilik is om die afrigtersonthaal by te woon met kinders wat versorg en opgepas moet word , maar sou tog graag soveel moontlik daar wil hê.... is die enigste geleentheid om sommer net gesellig saam te wees.

8. Inligtingsvergadering:
Daar word van elke skool/klub verwag om een verteenwoordiger by die inligtingsvergadering te hê. Dit is noodsaaklik om te verseker almal weet presies wat aangaan en geen misverstande ontstaan. Te veel kom nie na die Inligtingsvergadering en kom dan oningelig by kompetisie en veroorsaak onsmaaklikhede.

9. **INSKRYWINGS :**
Inskrywings sluit op Woensdag 12.00 die 15 de Maart Geen inskrywing sal daarna aanvaar word nie. Inskrywings word gedoen op die voorgeskrewe inskrywingsvorm. Onthou om asb. aan te dui of die span kampioenskappe of plaat inskryf .... toon ook asb wanneer ''n span streeks kampioen is, want hulle word sodanig ingeskryf. Verskaf ook asb u kontaknommer indien ons u dringend moet skakel tydens die loting.... wees maar asb beskikbaar daai tyd.

1. Alle inskrywingsvorms, inweegvorm , naamlys vir individuele gewig en ander sal op later stadium aan u verskaf word.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 27-021-9762497
E-mail : paul@koebergrekenaars.co.za

Stuur asb u inskrywings aan my (asook aan u Streek Sekretaris/ Voorsitter vir kontrole)
paul@koebergrekenaars.co.za of faks: 0866102645

Loting vind **Donderdagaand 16 Maart 19:00 aan huis van Ansie de Wet (Paarl) plaas**. Enigeen is welkom om dit by te woon.

10. Affiliasie :
Onthou om u affiliasiegelde in te betaal by u streek (R400) per klub
Streek sekretarisse word versoek om betyds die invorderings te doen en oorbetaling aan SAJTU te doen met die name van klubs wat betaal het. U kan nie aan die SA's kom deelneem as u nie geaffilieer is nie !
(Affiliasie is nie net vir skole/klubs wat aan die SA deelneem nie – alle geaffilieerde klubs/skole moet affiliasie betaal.)

11 SAJTU Adreslys
Indien u weet van iemand wat nie inligting ontvang nie dan is die persoon nie op ons adreslys nie.. laat wees asb sodat ons dit kan byvoeg

Laat ASB vir Ansie of my weet van enige adres en telefoon of kontakbeonderhede wat verander het...dit sal verseker dat inligting by u uitkom.

Moet asb nie huiwer om in 'n E-pos navrae of sommer ander inligting aan my te stuur nie.

Paul vd Merwe
SAJTU
0824152632

5 Februarie 2017